

## TWEE "GROOT KANONNE" FRED EN HANNETJIE KINNEAR HET STIL GEWORD!

### 1. INLEIDING

Fred en Hannetjie Kinnear was die pa en ma van Back to the Bible Mission waar 33 lande van Afrika se studente reeds gestudeer het die afgelope 31 jaar. Hy was bekend vir sy groot liefde vir sending en spesifiek vir BBM. Hy en Jan Strydom het graag en dikwels kom kuier en hy het vir Shai genooi om by sy kantoor in te loer. Vir die afgelope 21 jaar in besonder en reeds voor ons tyd was hy betrokke.



'n Paar keer het hy as hoof bestuurder van BUSCOR sy dubbel bus gestuur om ons "Africa 4 Jesus" massakoer op te laai om te sing by die BUSCOR "Day of Prayer." Daarna is almal getrakteer met 'n heerlike warm middagete.

'n Paar keer het hy ons na die klerefabriek in Nelspruit geneem en soos 'n regte pa vir elke student en personeellid 'n winter en later eenkeer 'n somer uitrusting geskenk.

Tydens die lang Desember/Januarie vakansies het hy dikwels die studente na Johannesburg en 'n paar keer tot in Harare met sy busdiens vervoer. Hulle kan dit nooit vergeet nie! Hy het 'n omgeehart gehad!





## 2. BBM DIREKSIE VOORSITTER

Te midde van al sy verpligtinge was hy bereid om as voorsitter van die BBM Direksie te dien vir 'n aantal jare. Hy het graag raad en advies gegee. Hy wou graag BBM se behoeftes en uitdagings weet en deel wees van die oplossing daarvan.

## 3. AFBRAND VAN HOOFGEBOU

Op 24 Sept. 2010 het die hoofhuis en hoofkantoor met 24 vertrekke afgebrand weens 'n elektriese kortsluiting in die dak. Fred het ons weereens besoek en 'n groot bydrae tot die heropbou geskenk. Derhalwe het hy en Hanneljie die hoeksteen van "New Jerusalem" onthul en Hanneljie het die deur oopgesluit.





#### 4. HALLELUJAH OUDITORIUM KERK:

Fred het 'n nuwe plaas skuur van 18mX40meter geskenk hiervoor.

Hy was ook betrokke by die bou van hierdie ouditorium met drie broodnodige klaskamers en 'n kantoor, ablusie geriewe, 'n kombuis en 'n vergadersaal.

Mnr Kinnear onthul die hoeksteen en Hanneltjie sluit die deur amptelik oop met die knip van die lint.



5.

"EMMANUEL LIBRARY": 19 MAART 2021

Uit dankbaarheid vir wat Fred en Hanneljé Kinnear vir BBM doen, besluit ons Uitvoerende Komitee om ons "chapel" wat omskep is in 'n biblioteek die "FRED KINNEAR LIBRARY" te noem. Fred kom kuier by BBM en sê: "Shai, jammer maar nie my naam nie. Ek is 'n mens met foute. Kom ons eer die Here deur dit die 'Emmanuel Library' te noem."

Op 19 Maart 2021onthul Fred die "Emmanuel Library" en Hanneljé sluit die deur oop.



SLO  
T  
Ons  
eer  
die

nagedagtenis van die Vader en Moeder van BBM, Fred en Hanneljette Kinnear! Ons dank God vir wat hulle twee belê het in die koninkryk van God. Ons sê ook baie dankie dat hulle elke maand vir seker tien jaar die Afrika personeel se salarisse betaal, die "lifeline" van BBM.

Ek staan op aandag en salueer twee formidabele strydrosse van Jesus Christus. Hulle was daders, doeners van die Woord!

Saluut!

Shai en Elreza Mulder

Back to the Bible Mission

+27833066323

[shyriesmulder@gmail.com](mailto:shyriesmulder@gmail.com)

